# Gantouw Ossewa-roete 2026

| **ROETE:** | Sirkel roete oor nekkie en deur tonnel | **DATUM:** | 11 April 2026 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Altesaam 19 van ons plus 1 “accidental tourist” (Pieter Lombaard van Natal, wat voëls kom kyk het maar toe by ons aangesluit het) het die Saterdagoggend 07:30 voor die ingang van die Steenbrasrivierdam op Sir Lowryspas bymekaar gekom. (Die afdraai is na regs nes jy oor die hoogste punt van die pas is, daar waar die dubbelbaanpad in een baan verander. Daar is sekuriteit by die ingang na die dam.) Ons het vinnig en versigtig oor die pad gehardloop en toe die paadjie oor die spoorlyn geneem en met die “teerpad” (wat later grondpad word) gestap tot ons links afgedraai het en opgeklim het na die Gantouwpas se nekkie. Op die nekkie het ons die paadjie links na die twee kanonne geneem en daar koffie en broodjies geniet. Dit was bitter koud, maar die mistigheid het vir mooi foto’s gesorg. Terug by die nekkie volg ons die afdraand met die gleuwe wat die ossewaens se wiele in die 17de eeu in die rotse ingekerf het want dit was vroeër die hoofroete tussen die Kaap en die Overberg. Hierdie deel van die roete is nederigmakend want dit gee mens 'n idee van die absolute deursettingsvermoë van die mense wat hier met spanne osse en swaar waens deur is. Die vroegste aangetekende tog deur die pas was in 1662 deur Hendrik Lacus, 'n landmeter van die Hollandse Oos-Indiese Maatskappy. Teen 1821 is meer as 4 500 ossewaens elke jaar deur die Gantouwpas (Hottentots-Holland Kloof). Die Khoi-veewagters het na hierdie roete as Gantouw (“eland”) verwys. Die ossewaspore in die sandsteen is in 1958 tot Nasionale Monument verklaar. Onder by die treinspoor draai ons links en volg die spoorlyn tot by die 100 m lange tonnel wat onder die N2 deur loop (die middelste deel is pikdonker omdat die tonnel om 'n draai loop). So 200 m na die tonnel kry ons weer die paadjie na regs wat ons terugneem na ons motors. Ons sê vir mekaar dat elke keer as ons opkyk na hierdie nekkie wanneer ons oor Sir Lowryspas ry, ons anders sal kyk na die mense wat hier met osse en waens oor is om die Kaap van vars groente en vrugte te voorsien. Baie dankie aan Amanda Matthee vir die stapreëlings.

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Rudi Burger | 099/2026 | 7 | 450 | |
| Ellen de Wet | 205/2026 | 7 | 450 | |
| Liezel du Plooy | 054/2026 | 7 | 450 | |
| Ulla Esterhuyzen | 114/2026 | 7 | 450 | |
| Elza Geldenhuys | 115/2026 | 7 | 450 | |
| Ilze Geldenhuys | 034/2026 | 7 | 450 | |
| Lecia Gerber | 033/2026 | 7 | 450 | |
| Gerna Hough | 131/2026 | 7 | 450 | |
| Amanda Matthee | 045/2026 | 7 | 450 | |
| Miranda Myburgh | 092/2026 | 7 | 450 | |
| Uluande Marais | Nie-lid | 7 | 450 | |
| Chrisna Swart | 100/2026 | 7 | 450 | |
| Michelle Swart | Nie-lid | 7 | 450 | |
| Estelle Smuts | 078/2026 | 7 | 450 | |
| Waldemar Smuts | 079/2026 | 7 | 450 | |
| Edna Terblanche | 040/2026 | 7 | 450 | |
| Kobus Terblanche | 041/2026 | 7 | 450 | |
| Arie van Eck | 148/2026 | 7 | 450 | |
| Arina van Eck | 147/2026 | 7 | 450 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **133** | **8550** | |

| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | NVT |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

| **VERSLAG DEUR:** | Amanda Matthee |
|---|---|